


fx-991ZA PLUS

Gebbruikersgids



CASIO Wêreldwye Opvoedkundige Webtuiste

<http://edu.casio.com>


Inhoudsopgawe

Belangrike Inligting	2
Voorbeelde van Bewerkings	2
Begin Werk met die Sakrekenaar	2
Veiligheidsmaatreëls	2
Hantering Voorsorgmaatreëls	2
Verwydering van Deksel (Omhulsel).....	3
Skakel die Sakrekenaar aan en af	3
Verandering van die Vertoon Kontras	3
Sleutel Aanduidings	3
Lees op die Sakrekenaar	4
Gebruik van Keuselyste.....	5
Spesifiseer die Bewerkings Mode.....	5
Konfigureer Sakrekenaar Ordening (Setup)	6
Inlees van Uitdrukkings en Waardes	7
Beweging deur (togging) Berekenings Resultate	11
Basiese Bewerkens	12
Priem Faktorisering.....	15
Funksie Bewerkings.....	16
Komplekse Getal Bewerkings (CMPLX)	21
Gebruik van CALC.....	22
Gebruik van SOLVE.....	23
Statistiese Bewerkings (STAT)	25
Grondtal- n Berekeninge (BASE-N)	29
Vergelyking Berekeninge (EQN).....	31
Matriks Berekeninge	33
Skep 'n Getal Tabel van Twee Funksies (TABLE).....	36
Vektor Bewerkings (VECTOR).....	38
Verspreiding (Distribution) Berekeninge (DIST).....	40
Wetenskaplike konstantes.....	43
Metrieke omskakeling	45
Berekening reikwydte, Aantal Syfers en Presisie.....	46
Foute.....	48
Voordat aanvaar word dat die Sakrekenaar stukkend is ...	49
Vervang Battery	50
Spesifikasies.....	50
Algemene Vrae.....	50

Belangrike Inligting

- Die vertoonvensters en ander illustrasies (soos byvoorbeeld die sleutel aanduidings) wat in die Gebruikersgids gebruik word is net ter illustrasie en kan ietwat verskil van hoe dit op die werklike sakrekenaar is.
- Die inhoud van hierdie Gebruikersgids kan sonder kennisgewing verander word.
- CASIO Computer Co., Ltd. kan nie verantwoordelik gehou word vir spesiale, kollaterale, toevallige of voortspruitende skade rakende die aankoop en/of gebruik van die produk en ander items wat saam met die produk kom deur enige party nie. Boonop sal Casio Computer Co., Ltd. nie aanspreeklik wees vir enige eis van watter aard ook al wat mag ontstaan uit die gebruik van hierdie produk en gepaardgaande items deur enige ander party nie.
- Maak seker dat alle gebruikers dokumentasie gebêre word vir toekomstige gebruik en verwysing.

Voorbeelde van Bewerkings

Voorbeelde van bewerkings sal in hierdie handleiding aangedui word deur 'n  ikoon. Tensy anders vermeld word aanvaar dat voorbeelde van bewerkings die in aanvanklike verstek ordening (default setup) gedoen word. Gebruik die prosedure soos uiteengesit onder "Begin Werk met die Sakrekenaar" om na die verstek ordening van die sakrekenaar terug te keer.

Vir inligting rakende **MATH**, **LINE**, **Deg** en **Rad** aanduidings wat in die voorbeelde aangedui word, raadpleeg "Konfigureer Sakrekenaar Ordening (Setup)".

Begin Werk met die Sakrekenaar

Volg die volgende prosedure om met die sakrekenaar te begin werk en terug te keer na die oorspronklike berekenings mode en verstek ordening. Neem kennis dat hierdie prosedure ook alle data wat in die geheue van die sakrekenaar is verwyder.

SHIFT **9** (CLR) **3** (All)  (Yes)

Veiligheidsmaatreëls



Battery

- Hou batterye buite die bereik van klein kindertjies.
- Gebruik slegs die tipe battery wat voorgeskryf is in die handleiding vir die sakrekenaar.


Hantering Voorsorgmaatreëls

- **Batterye moet ten minste elke drie jaar vervang word, selfs al werk die sakrekenaar nog (LR44 (GPA76)).**
'n Dooie battery kan lek, die sakrekenaar beskadig en dit verkeerd laat werk. Moet nooit 'n dooie battery in die sakrekenaar los nie. Moenie die sakrekenaar gebruik as die battery dood is nie.
- **Die battery wat saam met die sakrekenaar by aangekope ingesluit is sal effens ontlai word gedurende verpakking en versending. Vervanging van die battery kan dus vinniger as wat verwag word moet gebeur.**

- Moenie ‘n oxyride battery* of enige ander nikkelbasis primêre battery met hierdie produk gebruik nie. Die produk en sulke batterye is nie aanpasbaar nie en kan tot skade aan die battery en die produk lei.
 - Vermy die gebruik en stoor van die sakrekenaar in plekke waar temperature baie hoog is en/of waar hoë vlakke van humiditeit of stof teenwoordig is.
 - Moenie die sakrekenaar aan baie hoë vlakke van druk of stampe blootstel nie en moenie die sakrekenaar buig nie.
 - Moet nooit die sakrekenaar uitmekaar haal nie.
 - Gebruik ‘n sagte, droë lap om die buitekant van die sakrekenaar skoon te maak.
 - Wanneer die sakrekenaar of batterye onklaar raak, maak seker dat daar binne die wette en regulasies van u omgewing opgetree word.
- * Maatskappy en produk name wat in die handleiding gebruik word kan geregistreerde handelsname of die handelsname van die onderskeie verskaffers wees.

Verwydering van Deksel (Omhulsel)

Voordat die sakrekenaar gebruik word, skuif die deksel (omhulsel) afwaarts om dit te verwyder. Skuif dit daarna oor die agterkant van die sakrekenaar soos wat in die illustrasie aandui.



Skakel die Sakrekenaar aan en af

Druk **[ON]** om die sakrekenaar aan te skakel.

Druk **[SHIFT]** **[AC]** (OFF) om die sakrekenaar af te skakel.

Outomatiese afskakel

Die sakrekenaar sal outomaties afskakel nadat dit vir ongeveer 10 minute of ongeveer 60 minute nie gebruik is nie. Verwys na “Konfigureer Sakrekenaar Ordening (Setup)” vir details. Indien dit gebeur druk die **[ON]** sleutel om die sakrekenaar weer aan te skakel.

Verandering van die Vertoon Kontras

Om die CONTRAST skerm te vertoon voer die volgende sleutel operasies uit: **[SHIFT]** **[MODE]** (SETUP) **[↓]** **[8]** (**◀CONT▶**). Gebruik nou die **[←]** en **[→]** om die kontras te stel. Wanneer die verlangde kontras bereik is, druk **[AC]**.

Belangrik: Indien die verandering in kontras nie die sigbaarheid van die skerm verbeter nie, is die batterye waarskynlik pap. Vervang dan die batterye.

Sleutel Aanduidings

Deur **[SHIFT]** of **[ALPHA]** gevolg deur ‘n tweede sleutel te druk sal die alternatiewe funksie van die tweede sleutel uitvoer.

Hier volg ‘n verduideliking van die verskillende kleure vir die alternatiewe funksies van die sleutel teks:

Alternatiewe funksie

$\sin^{-1} \Gamma D_1$

sin

Hoofsleutel funksie


Wanneer die sleutel teks in hierdie kleur gedruk is:	Betekens dit:
Geel	Druk [SHIFT] en daarna die sleutel om die betrokke funksie te gebruik.
Rooi	Druk [ALPHA] en daarna die sleutel om die betrokke veranderlike, konstante of simbool te gebruik.
Pers (of in pers hakies)	Gebruik die CMPLX modus om hierdie funksie te benut.
Groen (of in groen hakies)	Gebruik die BASE-N modus om hierdie funksie te benut.

Lees op die Sakrekenaar

Die vertoonvenster van die sakrekenaar vertoon die uitdrukking wat ingesleutel word, die berekening resultaat asook verskeie aanduiders.

Ingesleutelde funksie

Aanduiders



Berekening resultaat

- Wanneer 'n **▶** aanduiders aan die regterkant van die berekening resultaat verskyn beteken dit dat die vertoonde berekening resultaat na regs voortgaan. Gebruik **▶** en **◀** om deur die berekening resultaat te beweeg.
- Wanneer 'n **▷** aanduiders aan die regterkant van die ingesleutelde funksie verskyn, beteken dit dat die berekening wat op die skerm verskyn na regs voortgaan. Gebruik **▶** en **◀** om deur die ingesleutelde funksie te beweeg. Neem kennis dat indien deur die ingesleutelde funksie beweeg wil word wanneer beide die **▶** en **▷** aanduiders verskyn, moet **[AC]** eers gedruk word en daarna moet **▶** en **◀** gebruik word om te beweeg.

Vertoon aanduiders

Hierdie aanduiders:	Betekens die volgende:
S	Die sleutelbord is verander deur die [SHIFT] sleutel te druk. Die sleutelbord sal terugkeer na die gewone sleutelbord en die aanduiders sal verdwyn wanneer 'n sleutel gedruk word.
A	Die alpha insleutel mode is geaktiveer deur die [ALPHA] sleutel te druk. Die sleutelbord sal terugkeer na die gewone sleutelbord en die aanduiders sal verdwyn wanneer 'n sleutel gedruk word.
M	Daar is 'n waarde in die onafhanklike geheue geberg.
STO	Die sakrekenaar is gereed dat 'n waarde in 'n veranderlike ingesleutel word. Die aanduiders verskyn nadat [SHIFT] [RCL] (STO) gedruk is.
RCL	Die sakrekenaar is gereed dat 'n veranderlike gedruk word om die waarde wat ingesleutel is op te roep. Die aanduiders verskyn nadat [RCL] gedruk is.

STAT	Die sakrekenaar is in STAT Mode.
CMPLX	Die sakrekenaar is in CMPLX Mode.
MAT	Die sakrekenaar is in MATRIX Mode.
VCT	Die sakrekenaar is in VECTOR Mode.
D	Hoeke word in grade gebruik.
R	Hoeke word in radiale gebruik.
G	Hoeke word in “grads” gebruik.
FIX	Getalle word vertoon afgerond tot ‘n spesifieke aantal desimale.
SCI	Getalle word vertoon afgerond to ‘n spesifieke aantal beduidende syfers.
Math	Natuurlike vertoon is gekies as die vertoon format.
▼▲	Berekening geskiedenis geheue data is beskikbaar en kan gebruik word of daar is meer data bokant of onderkant die huidige vertoonvenster.
Disp	Die vertoonvenster vertoon huidig ‘n tussentydse antwoord van ‘n multi-stelling bewerking.

Belangrik: Sommige berekeninge sal ‘n tydjie neem om uit te voer. Die vertoonvenster kan dan slegs een van die aanduiders vertoon (sonder enige waarde) totdat die bewerking uitgevoer is.

Gebruik van Keuselyste

Sommige van die sakrekenaar se operasies word gedoen deur van keuselyste gebruik te maak. Wanneer **MODE** of **hyp** gedruk word sal daar byvoorbeeld ‘n keuselys van toepaslike keuselyste verskyn.

Die volgende is operasies wat gebruik word om in die keuselyste te werk.

- ‘n Keuse kan gemaak word deur die getal sleutel te druk wat ooreenstem met die item wat gekies wil word.
- Die ▼ aanduider in die boonste regterkantste hoek van ‘n keuselys dui aan dat daar nog ‘n keuselys is wat op die keuselys volg. Die ▲ aanduider beteken dat daar ‘n vorige keuselys is wat die keuselys voorafgaan. Gebruik ▼ of ▲ om tussen die twee keuselyste te beweeg.
- Om ‘n keuselys toe te maak sonder om iets te kies druk **AC**.

Spesifiseer die Bewerkings Mode

Wanneer die tipe bewerking gedoen moet word:	Gebruik die sleutel operasie:
Algemene bewerkings	MODE 1 (COMP)
Komplekse getal bewerkings	MODE 2 (CMPLX)
Statistiek en regressie bewerkings	MODE 3 (STAT)
Bewerkings wat spesifieke getalstelsels gebruik (binêre, oktale, desimale, heksadesimale)	MODE 4 (BASE-N)
Vergelyking oplossing	MODE 5 (EQN)
Matriks bewerkings	MODE 6 (MATRIX)
Genereer ‘n getal tabel vir een of twee funksies	MODE 7 (TABLE)

Vektor bewerking	MODE 8 (VECTOR)
Verspreidingsbewerking	MODE 1 (DIST)

Neem Kennis: Die outomatiese (default) bewerkingsmode is die COMP Mode.

Konfigureer Sakrekenaar Ordening (Setup)

Begin deur die volgende sleuteloperasies uit te voer om die ordenings keuselys te vertoon: **SHIFT** **MODE** (SETUP). Gebruik dan die **▼** en **▲** en die getalsleutels om die stelling (settings) te kies en te konfigureer.

Stelling wat onderstreep is (___) is die aanvanklike stelling. (Default settings)

1 MthIO **2 LineO** Spesifiseer die vertoon formaat.

Natuurlike vertoon (MthIO) veroorsaak dat breuke, irrasionale getalle en ander uitdrukkings vertoon sal word soos wat dit op papier geskryf sal word.

MthIO: Kies MathO of LineO. MathO vertoon ingesleutelde en resultaat waardes in dieselfde formaat as wat dit geskryf word op papier. LineO vertoon dieselfde inligting maar in lineêre formaat.

Lineêre vertoon LineO veroorsaak dat breuke en ander uitdrukkings in 'n enkele lyn vertoon word.

Neem Kennis: • Die sakrekenaar verander outomaties na lineêre vertoon wanneer in STAT, BASE-N, MATRIX of VECTOR Mode. • In hierdie gebruikersgids, dui die **MATH** simbool by 'n voorbeeld aan dat die vertoonvenster in natuurlike formaat vertoon is en **LINE** dui aan dat die vertoon in lineêre formaat is.

3 Deg **4 Rad** **5 Gra** Spesifiseer grade, radiale of grads as die hoekeenheid vir die ingesleutelde waardes en die bewerkingsresultaat.

Neem Kennis: In hierdie gebruikersgids, dui die **Deg** simbool by 'n voorbeeld aan dat die vertoonvenster in grade vertoon is en **Rad** dui aan radiale vertoon aan.

6 Fix **7 Sci** **8 Norm** Spesifiseer die aantal syfers wat vertoon sal word in die berekeningsresultaat.

Fix: Die waarde wat gespesifiseer word (0 tot 9) beheer die aantal desimale plekke vir die vertoonde berekeningsresultaat. Berekening resultate word afgerond tot die aantal syfers wat gespesifiseer is.

Voorbeeld: **LINE** $100 \div 7 = 14.286$ (Fix 3)
 14.29 (Fix 2)

Sci: Die waarde wat gespesifiseer word (1 tot 10) beheer die aantal beduidende syfers vir die vertoonde berekeningsresultaat. Berekening resultate word afgerond om die gespesifiseerde aantal syfers te toon.

Voorbeeld: **LINE** $1 \div 7 = 1.4286 \times 10^{-1}$ (Sci 5)
 1.429×10^{-1} (Sci 4)

Norm: Kies tussen een van die twee beskikbare stellings (**Norm 1**, Norm 2) bepaal die reikwydte waarin resultate vertoon sal word in nie-eksponensiële formaat. Buite die gespesifiseerde reikwydte sal resultate in eksponensiële formaat vertoon word.

Norm 1: $10^{-2} > |x|$, $|x| \geq 10^{10}$ Norm 2: $10^{-9} > |x|$, $|x| \geq 10^{10}$

Voorbeeld: **LINE** $1 \div 200 = 5 \times 10^{-3}$ (Norm 1)
0.005 (Norm 2)

▼ **1** **ab/c** ▼ **2** **d/c** Spesifiseer of gemengde breuke (ab/c) of onegte breuke (d/c) vir die vertoon van antwoorde.

▼ **3** **CMPLX** **1** **a+bi** ; **2** **r∠θ** Spesifiseer of reghoekige koördinate (a+bi) of polêre koördinate (r∠θ) vir EQN mode oplossings.

▼ **4** **STAT** **1** **ON** ; **2** **OFF** Spesifiseer of die **FREQ** (frekwensie) tabel vertoon moet word of nie in **STAT Mode Stat Editor**.

▼ **5** **TABLE** **1** **f(x)** ; **2** **f(x),g(x)** Spesifiseer of een funksie f(x) of twee funksies f(x) en g(x) gebruik gaan word in die **TABLE mode**.

▼ **6** **Disp** **1** **Dot** ; **2** **Comma** Spesifiseer of die vertoon 'n punt of 'n komma vir die berekenings-resultate moet vertoon. Tydens die insleutelproses word 'n punt altyd vertoon.

Neem Kennis: Wanneer die punt geselekteer is as die desimale punt, word die skeiding tussen veelvuldige resultate met 'n komma aangedui (,). Wanneer die komma geselekteer is as die desimale punt, word die skeiding tussen veelvuldige resultate met 'n komma-punt aangedui (;).

▼ **7** **APO** **1** **10 Min.** ; **2** **60 Min.** Hier kan die tydperl voordat die outomatiese afskakeling (APO) plaasvind stel.

▼ **8** ◀**CONT**▶ Verander vertoon kontras. Sien “Verandering van die Vertoon Kontras” vir detail.

Inisiëring van Sakrekenaar Stellings


Voer die volgende prosedure uit om die sakrekenaar te inisiëer, wat beteken die stellings gaan terug na die **COMP** berekening mode en gaan ook terug na al die stellings, insluitende die aanvangs-keuselys soos wat die sakrekenaar aanvanklik gehad het.

SHIFT **9** (CLR) **1** (Setup) **≡** (Yes)

Inlees van Uitdrukkings en Waardes

Basiese Insleutel Reëls

Berekeninge kan ingesleutel word in dieselfde vorm as wat dit geskryf is. Wanneer die **≡** gedruk word sal die berekening volgens die voorkeur volgorde outomaties geëvalueer word en die resultaat sal vertoon word.

 $4 \times \sin 30 \times (30 + 10 \times 3) = 120$

4 **×** **sin** 30 **)** **×** **(** 30 **+** 10 **×** 3 **)** **≡**

*1 *3

*2

Math ▲

4×sin(30)×(30+10×3)

120

*1 Hakies moet toegemaak word vir sin, sinh, en ander funksies wat hakies vereis.


*2 Hierdie vermenigvuldigingsimbole (\times) mag uitgelos word. 'n Vermenigvuldigingsimbool kan uitgelos word wanneer dit onmiddelik voor hakies verskyn, onmiddelik voor sin of 'n ander funksie wat 'n hakie benodig, onmiddelik voor Ran# (willekeurige getal) funksie, of onmiddelik voor 'n veranderlike (A, B, C, D, E, F, M, X, Y), wetenskaplike konstantes, π of e .

*3 Hakies hoef nie toegemaak word voor die $\boxed{\text{=}}$ operasie kan uitgelos word.



Insleutel voorbeeld waar $\boxed{\times}^{*2}$ en $\boxed{\text{)}}^{*3}$ uitgelos word in die voorafgaande voorbeeld.

4 $\boxed{\sin}$ 30 $\boxed{\text{)}} \boxed{\text{('}}$ 30 $\boxed{+}$ 10 $\boxed{\times}$ 3 $\boxed{\text{=}}$



Belangrik: Wanneer 'n bewerking waarin beide die deel en vermenigvuldig operasies voorkom en die vermenigvuldigsimbool is uitgelos, sal hakies outomaties ingesluit word. Die volgende is voorbeelde daarvan.

- Waar die vermenigvuldigingsimbool uitgelos is onmiddelik voor oop hakies of onmiddelik na geslote hakies.

$$6 \div 2 (1 + 2) \rightarrow 6 \div (2 (1 + 2)) \qquad 6 \div A (1 + 2) \rightarrow 6 \div (A (1 + 2))$$

$$1 \div (2 + 3) \sin(30) \rightarrow 1 \div ((2 + 3) \sin(30))$$

- Waar die vermenigvuldigingsimbool is onmiddelik voor of na 'n veranderlike, 'n konstante, ens.


$$6 \div 2\pi \rightarrow 6 \div (2\pi) \qquad 2 \div 2\sqrt{2} \rightarrow 2 \div (2\sqrt{2}) \qquad 4\pi \div 2\pi \rightarrow 4\pi \div (2\pi)$$

- Wanneer 'n funksie gebruik word wat kommas gebruik, (soos onder andere Pol, Rec en RanInt#), verseker dat die hakies gesluit word op die aangewese plek in die uitdrukking. Indien die hakies nie gesluit word nie, kan dit gebeur dat die hakies nie outomaties op die korrekte plek ingesluit sal word soos in ander voorbeelde nie.


Belangrik: Indien 'n berekening uitgevoer word waarin die vermenigvuldigingsimbool uitgelos word onmiddelik voor 'n breuk (gemengde breuke ingesluit) sal die hakies outomaties ingesluit word. Hier volg voorbeelde van sulke berekeninge.

$$2 \times \frac{1}{3} : \text{MATH}$$

$\boxed{\text{=}}$ 1 $\text{\textcircled{\text{v}}}$ 3 $\text{\textcircled{\text{<}}}$ $\text{\textcircled{\text{<}}}$ $\text{\textcircled{\text{<}}}$ $\text{\textcircled{\text{<}}}$ 2




$\boxed{\text{=}}$




$$\sin(30) \times \frac{4}{5} : \text{MATH}$$

$\boxed{\text{=}}$ 4 $\text{\textcircled{\text{v}}}$ 5 $\text{\textcircled{\text{<}}}$ $\text{\textcircled{\text{<}}}$ $\text{\textcircled{\text{<}}}$ $\text{\textcircled{\text{<}}}$ $\boxed{\sin}$ 30 $\boxed{\text{)}} \boxed{\text{=}}$



$\boxed{\text{=}}$



Neem Kennis: • As die berekening langer as die skermwydte is wanneer ingesleutel word gaan die skerm outomaties na regs skuif en die $\text{\textcircled{\text{<}}}$ aanduider sal op die vertoon verskyn. Wanneer dit gebeur kan na links beweeg word

deur \leftarrow en \rightarrow om na regs te beweeg. • Wanneer die Lineêre Vertoon gebruik word, sal \triangleup veroorsaak dat terugbeweeg word na die begin van die berekening, terwyl \blacktriangledown na die einde van die berekening gaan. • Wanneer Natuurlike Vertoon gebruik word sal die druk van \rightarrow terwyl die kursor aan die einde van 'n ingesleutelde berekening is die kursor na die begin laat beweeg, terwyl die druk van \leftarrow wanneer die kursor aan die begin van 'n berekening is die kursor na die einde laat beweeg. • Daar kan tot 99 grepe (bytes) ingelees word. Elke getal, simbool of funksie gebruik gewoonlik een greep. Sommige funksies benodig tussen drie en dertien grepe. • Die kursor sal sy vorm na \blacksquare verander wanneer daar tien of minder grepe oorbly om te gebruik. Wanneer dit gebeur beëindig die berekening en druk \equiv .


Berekening Voorkeur Volgorde

Die voorkeur volgorde van berekenings word volgens die volgende tabel uitgevoer. Wanneer die voorkeur volgorde van twee bewerkings dieselfde is word bewerkings van links na regs uitgevoer.

1.	Uitdrukings in hakies
2.	Funksies wat 'n argument na regs benodig en 'n sluit hakie ")" na die argument het
3.	Funksies wat volg op die die insleutel van (x^2 , x^3 , x^{-1} , $x!$, "°", °, r, g, %, $\blacktriangleright t$), magte (x^\blacksquare), wortels ($\blacksquare\sqrt{\square}$)
4.	Breuke
5.	Die teken vir negatief (-), grondtal- n simbole (d, h, b, o) Neem kennis: Wanneer 'n negatiewe getal gekwadreer word (soos -2) moet die waarde wat gekwadreer word in hakies geplaas word ($\square \leftarrow 2 \square \square^2 \equiv$). Aangesien x^2 'n hoër voorkeur het as die negatiewe teken sal $\leftarrow 2 \square^2 \equiv$ die resultaat lewer van 2 se vierkant en dan sal die negatiewe teken ingesluit word. Hou altyd die voorkeur van bewerking in gedagte en gebruik hakies waar benodig word.
6.	Metrieke omskakelings (cm \blacktriangleright in ens.) STAT mode geskatte waardes (\hat{x} , \hat{y} , \hat{x}_1 , \hat{x}_2)
7.	Vermenigvuldiging waar die vermenigvuldigingsteken uitgelaat is
8.	Permutasie (nPr), kombinasie (nCr), komplekse getal polêre koördinaat teken (\sphericalangle)
9.	Punt produk (·)
10.	Vermenigvuldiging (\times), deling (\div)
11.	Optel en aftrek (+, -)
12.	Logika AND (and)
13.	Logika OR, XOR, XNOR (or, xor, xnor)

Insleutel met Natuurlike Vertoon

Wanneer Natuurlike Vertoon gebruik is dit moontlik om funksies in te sleutel en te vertoon net soos wat dit in handboeke verskyn. Sekere funksies (log, x^2 , x^3 , x^\blacksquare , $\sqrt{\blacksquare}$, $\sqrt[3]{\blacksquare}$, $\blacksquare\sqrt{\square}$, x^{-1} , 10^\blacksquare , e^\blacksquare , \int , d/dx , Σ , Abs) word ingesleutel net soos wat dit vertoon word.

 $\frac{2 + \sqrt{2}}{1 + \sqrt{2}}$

MATH

 2   2   1   2 


D	Math ▲
$\frac{2+\sqrt{2}}{1+\sqrt{2}}$	
$\sqrt{2}$	

Belangrik: • Sommige tipes uitdrukkings kan die hoogte van die bewerking formule groter maak as die skerm. Die maksimum hoogte van die skerm is twee vertoonvensters (31 × 2). Verdere insleutel sal nie moontlik wees nie. • Hakies se gebruik is toelaatbaar, maar wanneer te veel hakies gebruik word sal verdere insleutel ook onmoontlik word. Wanneer dit gebeur, deel die bewerking in verskillende dele en bereken elke deel apart.

Neem Kennis: Wanneer die  teken gedruk word en 'n antwoord in Natuurlike Vertoon word verkry, kan 'n gedeelte van die uitdrukking afgesny word. Indien die hele uitdrukking weer gesien wil word druk  en gebruik dan  en  om deur die uitdrukking te beweeg.

Gebruik Waardes en Uitdrukkings as Argumente (Slegs in Natuurlike Vertoon)

'n Waarde of uitdrukking wat reeds ingesleutel is kan gebruik word as 'n argument van 'n funksie. Indien, byvoorbeeld, $\frac{7}{6}$ reeds ingesleutel is, kan dit in die argument $\sqrt{\quad}$ gebruik word en sal $\sqrt{\frac{7}{6}}$ verkry word.

 Om $1 + \frac{7}{6}$ in te sleutel en dit dan na $1 + \sqrt{\frac{7}{6}}$ te verander

MATH

1  7  6


D	Math
$1 + \frac{7}{6}$	

      (INS)

D	Math
$1 + \frac{7}{6}$	






D	Math
$1 + \sqrt{\frac{7}{6}}$	

Soos bo aangedui is dit die waarde of uitdrukking aan die regterkant van die kursor wat nadat  (INS) gedruk word wat die argument van die funksie wat daarna gedruk word sal wees. Die reikwydte wat die argument uitmaak sluit alles in tot by die eerste hakie na regs – indien daar een is, of anders die eerste funksie na regs (sin(30), log2(4) ens.)

Hierdie kan gebruik word vir die volgende funksies: , \log_{\square} , \int_{\square} , $\text{SHIFT } \int_{\square} (\frac{d}{dx} \square)$, $\text{SHIFT } \log_{\square} (\sum \square)$, $\text{SHIFT } x^{\square} (\sqrt[\square]{\square})$, $\text{SHIFT } \log (10^{\square})$, $\text{SHIFT } \ln (e^{\square})$, $\sqrt{\square}$, x^{\square} , $\text{SHIFT } \sqrt{\square} (\sqrt[\square]{\square})$, $\text{SHIFT } \text{hyp} (\text{Abs})$.

Oorskryf Insleutel Mode (Lineêre vertoon alleenlik)

Daar kan gekies word tussen oorskryf of invoeg insleutel mode, maar net wanneer lineêre vertoon gebruik word. In die oorskryf mode sal dit wat jy insleutel oor dit wat reeds ingesleutel is verskyn en dit vervang. Daar kan tussen die oorskryf en invoeg modes gewissel word deur die volgende operasie uit te voer:  (INS). Die kursor sal as “” vertoon wanneer ingevoeg kan word en as “” wanneer in oorskryf mode gewerk word.

Neem Kennis: Natuurlike vertoon werk altyd in invoeg mode. Wanneer daar dus van lineêre vertoon na natuurlike vertoon verander word sal die mode outomaties invoeg mode word.

Korrigering en Uitvee van 'n Uitdrukking


Om 'n enkele karakter of funksie uit te vee: Skuif die kursor sodat dit direk regs van die karakter of funksie wat uitgevee moet word is en druk $\boxed{\text{DEL}}$. Wanneer in die oorskryf mode gewerk word beweeg kursor tot direk onder die karakter of funksie en druk $\boxed{\text{DEL}}$.


Om 'n karakter of funksie in te voeg in 'n bewerking: Gebruik \blacktriangleleft of \blacktriangleright om na die plek te beweeg waar die karakter of funksie ingesleutel wil word. Maak seker dat die invoeg (insert) mode gebruik word wanneer in lineêre vertoon gewerk word.

Om alle bewerkings waarmee besig is uit te vee: Druk $\boxed{\text{AC}}$.

Beweging deur (togging) Berekenings Resultate

Wanneer Natuurlike Vertoon geselekteer is sal elke druk van die $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ sleutel die huidige vertoonde getal laat beweeg tussen die breuk en desimale form, die $\sqrt{\quad}$ en die desimale vorm of die π en die desimale vorm.

 $\pi \div 6 = \frac{1}{6} \pi = 0.5235987756$ **MATH**
 $\boxed{\text{SHIFT}} \boxed{\times 10^x} (\pi) \boxed{\div} 6 \boxed{=}$ $\frac{1}{6} \pi$ $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ **0.5235987756**

 $(\sqrt{2} + 2) \times \sqrt{3} = \sqrt{6} + 2\sqrt{3} = 5.913591358$ **MATH**
 $\boxed{\text{L}} \boxed{\sqrt{\quad}} 2 \boxed{\blacktriangleright} \boxed{+} 2 \boxed{\text{R}} \boxed{\times} \boxed{\sqrt{\quad}} 3 \boxed{=}$ $\sqrt{6} + 2\sqrt{3}$ $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ **5.913591358**

Terwyl die lineêre vertoon formaat geselekteer is, sal elke druk van $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ die getal laat beweeg tussen die breuk en die desimale vorm.

 $1 \div 5 = 0.2 = \frac{1}{5}$ **LINE**
 $1 \boxed{\div} 5 \boxed{=}$ **0.2** $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ **1 J5**

 $1 - \frac{4}{5} = \frac{1}{5} = 0.2$ **LINE**
 $1 \boxed{-} 4 \boxed{\text{Frac}} 5 \boxed{=}$ **1 J5** $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ **0.2**



























Belangrik: • Afhangende van die tipe berekening waarmee gewerk word kan die druk van die $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ sleutel 'n tydjie neem om die verlangde omskakeling te doen. • Met sommige berekenings sal die $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ sleutel nie die getal kan verander nie. • Daar kan nie van desimale vorm na gemengde breuk vorm verander word indien die gemengde breuk (insluitende die heelgetal, die noemer, die teller en die breuk teken) meer as tien karakters het nie.

Neem Kennis: Met natuurlike vertoon (MathO), sal die druk van $\boxed{\text{SHIFT}} \boxed{=}$ in die plek van $\boxed{=}$ aan die einde van 'n bewerking veroorsaak dat die antwoord in desimale vorm verskyn. Deur $\boxed{\text{S}\blacktriangleright\blacktriangleleft}$ na die tyd te druk sal tussen die desimale, breuk vorm of π vorm beweeg. Die $\sqrt{\quad}$ vorm sal in die geval nie verskyn nie.



Basiese Bewerkens

Brek Bewerkings

Neem kennis dat die insleutel metode vir breuke verskil – afhange van of in natuurlike of lineêre vertoon gewerk word.



	$\frac{2}{3} + \frac{1}{2} = \frac{7}{6}$	MATH	2  3  + 1  2 	$\frac{7}{6}$
			of  2  3  +  1  2 	$\frac{7}{6}$
		LINE	2  3 + 1  2 	7 \downarrow 6
	$4 - 3\frac{1}{2} = \frac{1}{2}$	MATH	4    (= ) 3  1  2 	$\frac{1}{2}$
		LINE	4  3  1  2 	1 \downarrow 2























Neem Kennis: • Wanneer beide gewone en desimale breuke gebruik word wanneer in lineêre vertoon gewerk word, sal die resultaat as 'n desimaal vertoon. • Breuke word in eenvoudigste vorm in finale antwoorde vertoon.

Om 'n bewerking se resultaat vanaf 'n onegte breuk na 'n gemengde breuk te laat verander: Sleutel die volgende in:   ($a\frac{b}{c} \leftrightarrow \frac{d}{c}$)




Om 'n bewerking se resultaat vanaf 'n breuk na 'n desimale breuk te laat verander: Druk .

Persentasie Bewerkings

Wanneer 'n waarde ingesleutel word en daarna   (%) sal die ingesleutelde waarde 'n persentasie word.







	$150 \times 20\% = 30$	150  20   (%) 	30
	Bereken watter persentasie van 880 is 660. (75%)	660  880   (%) 	75
	Vermeerder 2500 met 15% (2875)	2500  2500  15   (%) 	2875
	Verminder 3500 met 25% (2625)	3500  3500  25   (%) 	2625

Grade, Minute, Sekonde (Seksagesimale) Bewerkings


Wanneer optel of aftrek bewerkings in tussen seksagesimale waardes of vermenigvuldiging en deling tussen seksagesimale waardes en desimale waardes uitgevoer word sal die antwoorde seksagesimale waardes wees. Daar kan tussen seksagesimale en desimale waarde formaat beweeg word. Die volgende is die sleutels wat gebruik moet word: {grade}  {minute}  {sekondes} .

Neem Kennis: Daar moet altyd iets in die grade en minute ingelees word, al is dit nul.

 $2^{\circ}20'30'' + 39^{\circ}30'' = 3^{\circ}00'00''$
 2  20  30  0  39  30  **3°0'0''**

 Skakel $2^{\circ}15'18''$ na die desimale ekwivalent om.
 2  15  18  **2°15'18''**
 (Skakel van seksagesimaal na desimaal)  **2.255**
 (Skakel van dedimaal na seksagesimaal)  **2°15'18''**





Multi-Stellings





Die dubbelpunt (:) kan twee of meer uitdrukkings verbind en hukke dan in volgorde van links na regs uitvoer wanneer  gedruk word.

 $3 + 3 : 3 \times 3$ 3  3   (:) 3  3  **6**
 **9**



Gebruik Ingenieurs Notasie (Eng)

'n Eenvoudige sleutel operasie sal 'n waarde in ingenieursnotasie vertoon.


 Verander die waarde 1234 na ingenieursnotasie, die desimale punt word na regs geskuif.
 1234  **1234**
 **1.234×10³**
 **1234×10⁰**

 Verander die waarde 123 na ingenieursnotasie, die desimale punt word na links geskuif.
 123  **123**
 **0.123×10³**
 **0.000123×10⁶**



Berekening Geskiedenis

In die COMP, Cmplx, of BASE-N Mode, kad deur die berekeninggeskiedenis geblai word deur  en  te gebruik.

 $1 + 1 = 2$ 1  1  **2**
 $2 + 2 = 4$ 2  2  **4**
 $3 + 3 = 6$ 3  3  **6**
 (Gaan terug)  **4**
 (Gaan weer terug)  **2**

Neem Kennis: Alle berekening geskiedenis word uitgevee wanneer  gedruk word, wanneer na 'n ander berekenings mode oorgeskakel word, wanneer vertoon formaat verander word of wanneer die sakrekenaar oor ingestel word (reset).

Kyk weer


Terwyl 'n berekening op die skerm is kan  of  gebruik word om die uitdrukking te redigeerwat vir die vorige berekening gebruik is.

 $4 \times 3 + 2.5 = 14.5$ **LINE** 4 \times 3 $+$ 2.5 $=$ 14.5
 $4 \times 3 - 7.1 = 4.9$ (Gaan voort) \leftarrow **DEL** **DEL** **DEL** **DEL** $-$ 7.1 $=$ 4.9

Neem Kennis: Indien 'n berekening geredigeer moet word terwyl die ► simbool nog op die regterkant verskyn (sien "Lees op die Sakrekenaar"), druk **AC** en gebruik daarna die ◀ en ▶ om deur te beweeg.


Antwoord Geheue (Ans)/ Vorige Antwoord Geheue (PreAns)

Die laaste berekening se antwoord word gestoor in Ans (antwoord) geheue. Die antwoord wat voor die laaste berekening verkry is word gestoor in die PreAns (vooraf antwoord) geheue. Sodra die antwoord van 'n volgende berekening verkry word skuif die Ans waarde na die PreAns en die nuwe antwoord is in Ans. PreAns geheue kan net in COMP mode gebruik word. PreAns se geheue word uitgewis die oomblik wanneer in 'n ander mode ingegaan word.


 Om die antwoord van 3×4 met 30 te vermenigvuldig **LINE**

$3 \times 4 =$ 12

(Vervolg) $\div 30 =$ 0.4

 $123 + 456 = 579$ **MATH** $123 + 456 =$ 579

$789 - 579 = 210$ (Vervolg) $789 -$ **Ans** = 210

 Vir $T_{k+2} = T_{k+1} + T_k$ (Fibonacci se ry), bepaal die ry van T_1 tot T_5 . Let wel dat $T_1 = 1$ en $T_2 = 1$ **MATH**


$T_1 = 1$ $1 =$ 1 (Ans = $T_1 = 1$)

$T_2 = 1$ $1 =$ 1 (Ans = $T_2 = 1$, PreAns = $T_1 = 1$)

$T_3 = T_2 + T_1 = 1 + 1$
Ans $+$ **ALPHA** **Ans** (PreAns) = 2 (Ans = $T_3 = 2$, PreAns = $T_2 = 1$)

$T_4 = T_3 + T_2 = 2 + 1$ $=$ 3 (Ans = $T_4 = 3$, PreAns = $T_3 = 2$)





$$T_5 = T_4 + T_3 = 3 + 2$$



Resultaat: Die ry is {1, 1, 2, 3, 5}.





Veranderlikes (A, B, C, D, E, F, X, Y)

Die sakrekenaar het agt veranderlikes A, B, C, D, E, F, X en Y. Waardes kan aan hierdie veranderlikes toegeken word en die veranderlikes kan ook in berekening gebruik word.

-  Om die resultaat van $3 + 5$ aan veranderlike A toe te ken
 $3 \text{ [+] } 5 \text{ [SHIFT] [RCL] (STO) [()] (A)$ **8**
-  Om die inhoud van veranderlike A met 10 te vermenigvuldig
 (Vervolg) $\text{[ALPHA] [()] (A) [X] 10 \text{ [=]}$ **80**
-  Om die inhoud van A op te roep (Vervolg) $\text{[RCL] [()] (A)$ **8**
-  Om die inhoud van A uit te vee $0 \text{ [SHIFT] [RCL] (STO) [()] (A)$ **0**

Onafhanklike Geheue (M)

Berekenings resultate kan by die onafhanklike geheue bygetel of afgetrek word. Die "M" verskyn op die vertoonskerm wanneer daar enige waarde behalwe nul in die onafhanklike geheue gestoor is.

-  Om die inhoud van M uit te vee $0 \text{ [SHIFT] [RCL] (STO) [M+] (M)$ **0**
-  Om die resultaat van 10×5 by M te tel.
 (Vervolg) $10 \text{ [X] } 5 \text{ [M+]}$ **50**
-  Om die resultaat van $10 + 5$ van M af te trek
 (Vervolg) $10 \text{ [+] } 5 \text{ [SHIFT] [M+] (M-)}$ **15**
-  Om die inhoud van M op te roep. (Vervolg) [RCL] [M+] (M) **35**

Neem Kennis: Veranderlike M word gebruik vir die onafhanklike geheue.

Uitwis van Inhoud van alle Geheues

Ans geheue, onafhanklike geheue en veranderlike inhoud word behou, selfs wanneer [AC] gedruk word, van berekenings mode verander word of die sakrekenaar afgesit word. PreAns geheue word behou selfs wanneer [AC] gedruk word of die sakrekenaar afgesit word sonder om uit COMP Mode te gaan. Om die inhoud van alle geheues uit te vee moet die volgende gedruk word: $\text{[SHIFT] [9] (CLR) [2] (Memory) [=] (Yes)}$

Priem Faktorisering


In die COMP mode kan enige positiewe heelgetal met tot 10 of minder syfers in priemfaktore met to by drie syfers opgedeel word.

 Om 1014 in priem faktore op te deel

1014 






  (FACT)

Wanneer die priem faktoriserings toegepas word op 'n getal wat 'n priemfaktor het wat meer as drie syfers bevat sal daardie deel van die antwoord in hakies vertoon word.

 Om $4104676 (= 2^2 \times 1013^2)$ te faktoriseer in priem faktore

4104676    (FACT)

Enige van die volgende operasies sal die priem faktoriserings resultaat vertoon beëindig.

- Wanneer   (FACT) of  gedruk word
- Wanneer enige van die volgende gedruk word:  of .
- Die gebruik van die SETUP keuselys om die hoek eenheid te stel (Deg, Rad, Gra) of die vertoon syfer stelling (Fix, Sci, Norm).

Neem Kennis: • Priemfaktoriserings kan nie toegepas word op desimale getalle, breuke of negatiewe getalle nie. Indien dit probeer word sal 'n fout (Math ERROR) verskyn. • Priemfaktoriserings sal nie gedoen kan word op die resultaat van 'n bewerking Pol, Rec nie.



Funksie Bewerkings




Vir werklike bewerkings waarin die funksies gebruik word, sien die "Voorbeelde" gedeelte wat na die lys volg.


π : π word vertoon as 3.141592654, maar $\pi = 3.14159265358980$ word gebruik vir bewerkings.




e : e word vertoon as 2.718281828, maar $e = 2.71828182845904$ word gebruik vir bewerkings.

sin, cos, tan, sin⁻¹, cos⁻¹, tan⁻¹: Trigonometriese funksies. Spesifiseer die hoek eenheid. Sien .


sinh, cosh, tanh, sinh⁻¹, cosh⁻¹, tanh⁻¹: Hiperboliese funksies. Sleutel funksies in wanneer  gedruk word. Die hoekeenheid affekteer nie die berekening nie. Sien .


$^\circ$, r , g : Hierdie funksies spesifiseer die hoekeenhede. $^\circ$ spesifiseer grade, r spesifiseer radiale en g grads. Sleutel funksies in wanneer die volgende sleutel operasie gebruik word:   (DRG \blacktriangleright). Sien .


10^{\square} , e^{\square} : Eksponensiële funksies. Let op dat die insleutel metode verskil in Natuurlike en Lineêre vertoon. Sien .


log: Logaritmiëse funksie. Gebruik die  sleutel om $\log_a b$ as $\log(a, b)$. Grondtal 10 is die verstek grondtal en hoef nie ingesleutel te word nie. Die  sleutel kan ook gebruik word, maar net in Natuurlike Vertoon. Wanneer dit gebruik word moet die grondtal ingelees word. Sien .

In: Natuurlike logaritme tot grondtal e . Sien .


x^2 , x^3 , x^{\square} , $\sqrt{\square}$, $\sqrt[3]{\square}$, $\sqrt[n]{\square}$, x^{-1} : Magte, wortels en resiproke. Neem kennis dat die insleutel metodes vir x^{\square} , $\sqrt{\square}$, $\sqrt[3]{\square}$ en $\sqrt[n]{\square}$ verskil afhankende of Natuurlike of Lineêre vertoon gebruik word. Sien .

\int_a^b : Funksie om numeriese integrasie te bereken deur die Gauss-Kronrod metode te gebruik. In natuurlike vertoon $\int_a^b f(x)dx$ lees waardes op korrekte plekke in. Vir lineêre vertoon is die inlees sintaks $\int(f(x), a, b, tol)$. *tol* spesifiseer die tolleransie, wat 1×10^{-5} is as dit nie spesifiek gespesifiseer word nie. Sien ook “Integrasie en Differensiasie Berekeninge Voorsorgmaatreëls” en “Raad vir Suksesvolle Integrasie Berekeninge” vir meer inligting. Sien  8.

$\frac{d}{dx}$: Funksie vir benaderde waarde van ‘n afgeleide gebaseer op die sentrale verskil metode. Natuurlike vertoon insleutel sintaks is $\frac{d}{dx}(f(x))|_{x=a}$ terwyl die lineêre vertoon insleutel sintaks $\frac{d}{dx}(f(x), a, tol)$ is. *tol* spesifiseer die tolleransie, wat 1×10^{-10} is as dit nie spesifiek gespesifiseer word nie. Sien ook “Integrasie en Differensiasie Berekeninge Voorsorgmaatreëls” vir meer inligting. Sien  9.

$\sum_{x=a}^b$: Funksie wat vir ‘n gespesifiseerde reikwydte van $f(x)$ die som van $\sum_{x=a}^b (f(x)) = f(a) + f(a+1) + f(a+2) + \dots + f(b)$ bepaal. Natuurlik vertoon sintaks is $\sum_{x=a}^b (f(x))$ terwyl die lineêre vertoon insleutel sintaks $\Sigma(f(x), a, b)$ waar a en b heelgetalle is wat gespesifiseer kan word in die wydte $-1 \times 10^{10} < a \leq b < 1 \times 10^{10}$. Sien  10.

Neem Kennis: Die volgende kan nie in die $f(x)$ gebruik word nie: Pol, Rec. Die volgende kan nie gebruik word in $f(x)$, a of b nie: $\int, d/dx, \Sigma$.


Pol, Rec: Pol skakel reghoekige koördinate om na polêre koördinate, terwyl Rec polêre koördinate omskakel na reghoekige koördinate. Sien  11.

Pol(x, y) = (r, θ)


Rec(r, θ) = (x, y)

Spesifiseer die hoekeenheid voordat met berekeninge begin word.

Die berekening resultaat vir r en θ en vir x en y word toegeken aan onderskeidelik X en Y. Die Berekening resultaat θ word gegee vir die definisieversameling $-180^\circ < \theta \leq 180^\circ$.





Reghoekige koördinate




Polêre koördinate


$x!$: Faktoriaal funksie. Sien  12.

Abs: Absolute waarde funksie. Neem kennis dat die insleutel metode verskil tussen natuurlike vertoon en lineêre vertoon. Sien  13.

Ran#: Genereer ‘n drie syfer willekeurige (random) getal wat kleiner as 1 is. Die resultaat word vertoon as ‘n breuk wanneer natuurlike vertoon verkies is.  14.

RanInt#: Vir die insleutel van die funksie RanInt# (a, b), wat ‘n willekeurige heelgetal genereer in die reikwydte van a tot b . Sien  15.

nPr, nCr: Permutasie (nPr) en kombinasie (nCr) funksies. Sien  16.

